Geagte Gemeentelede & Besoekers

Vandag is vir ons as gemeente ’n besondere dag – ’n dag van nuwe begin, nuwe hoop en nuwe saamstap. Ons heet met groot vreugde ons nuwe herder, ds. Hanno Visser, en sy vrou, Tannie Marelie, welkom in ons midde.

Ons weet dat julle hierheen gekom het met harte vol van liefde vir die Here en Sy gemeente. Julle het gehoor gegee aan Sy roepstem, en daarom glo ons vas dat dit nie bloot toeval is dat julle nou hier is nie. Julle het ’n pad gestap in Leonardville, en nou het die Here besluit dat julle volgende hoofstuk saam met óns geskryf moet word.

As gemeente sien ons uit daarna om julle beter te leer ken – nie net van die kansel af nie, maar ook in die alledaagse dinge wanneer ons mekaar raak loop of gaan kuier.

Ons weet dat elke gemeente sy eie vreugdes, uitdagings en stories het. Ons bid dat ons vir julle ’n tuiste sal wees – ’n plek waar julle geliefd voel, gedra word en self ook nuwe herinneringe kan bou.

Ons dank die Here dat Hy julle na ons gestuur het, en ons bid vir Sy seën oor julle bediening hier. Mag Hy vir julle wysheid, geduld, vreugde, en krag gee om saam met ons in hierdie wingerd te werk.

Dominee Hanno en Marelie – welkom by ons. Ons is opgewonde oor wat God saam met julle en saam met ons gaan doen.